

Jou geld



Reël 28 kan jou aftrede nag maak


Beleggers moet die optimale balans tussen risiko en opbrengste tref. Bateklas-beperkinge in die Wet op Pensioenfondse knou jou aftreeneseiser, skryf **Suzean Haumann**.

Die meeste individue wat met aftreeprodukte soos pensioenfondse of aftreenuiteite spaar, is bewus van Regulasie 28. Kortliks is dit 'n wetlike beperking op bateklas-keuses in die belegging. Beleggers mag byvoorbeeld nie meer as 75% van hul belegging in aandele belê nie en niks meer as 30% mag in die buiteland belê word nie. Die amptelike doel van Regulasie 28 is om beleggers se risiko te help bestuur sodat hulle nie al hul eiers in een mandjie sit nie. Maar Regulasie 28 beperk beleggings aan bateklasse wat beter presteer, spesifiek buitelandse bates. Ondanks die beperkinge van Regulasie 28, het verskeie fondse aanvaarbare opbrengste aan beleggers gelewer. Maar deur selfs net 'n klein bietjie risiko in te bou, kan 'n groot verskil aan die algehele opbrengs maak. Dit kan veral 'n groot verskil vir jonger beleggers maak wat nog dekades vir spaar beskikbaar het. Om dié verskil te illustreer, kyk ons na twee beleggings: die prestasie van 'n belegger se aftreefondse vergeleke met 'n diskresionêre portefeulje wat net onderhewig is aan valutabeheer. Albei die beleggings in die

voorbeeld is vir 'n tydperk van agt jaar. Die pensioenbelegging wat aan Regulasie 28 voldoen, het die laagste risikogradering, maar ook 'n relatiewe opbrengs. Die ander portefeulje - wat net in buitelandse bates belê is - het weer 'n hoër risiko op kort termyn, maar beter opbrengs as die Regulasie 28-belegging. Ons gebruik dan die gemiddelde-variasie-metode om deur kwantitatiewe modellering vas te stel wat 'n optimale portefeulje is. Met watter batetoewysing word die belegger die heel beste vergoed vir die risiko wat sy neem? Die optimale portefeulje is 100% in buitelandse bates belê (sien grafiek): Hoewel die Regulasie 28-portefeulje die laagste risikogradering het en dus minder risiko op kort termyn inhou, lewer die buitelandse portefeulje 'n beduidend groter opbrengs in die agtjaar-tydperk. Daar is baie goeie redes om in die buiteland te belê. Die voordele van diversifisering, die vermindering van blootstelling aan die risiko's van ontluikende markte en ook die risiko's van wisselvallige geldeenhede en die behoud van bestedingsvermoë in geldeenhede soos dollar,



Risiko vs. beloning



PORTEFEULJE-TOEWYSING	PLAASLIKE BATES	INTERNASIONALE BATES	OPBRENGS	RISIKO
0% buiteland	100%	0%	11,6%	11,5%
70% plaaslik/30% buiteland	70%	30%	13,9%	10,78%
100% buiteland	0%	100%	19,3%	14,01%
Optimale portefeulje	0%	100%	19,3%	14,01%

Bron: Investec Asset Management

THEUNS KRUGER, Grafika24

pond of euro. Maar hoe moet beleggers te werk gaan om in die buiteland te belê? Die antwoord hang van 'n belegger se persoonlike omstandighede af. Dit is dus noodsaaklik om 'n finansiële raadgewer te raadpleeg. Daar is baie opsies beskikbaar: 'n Effektetrust soos 'n gebalanseerde fonds of multi-batefondse wat ook buitelandse bates insluit en aan Regulasie 28 voldoen. Deur die gebruik van hierdie tipe fonds stel beleggers as't ware 'n professionele bestuurder aan wat besluit wanneer en hoeveel om in die buiteland te belê, en in water bateklasse.

■ Internasionale effektetrusts wat in rand belê, is nog 'n opsie. Dit is 'n regstreekse belegging in onderliggende fondse en beleggers hoef nie hul individuele buitelandse toewysing te gebruik deur geld landuit te stuur nie. Die belegging word in rand gedoen en wanneer die belegging onttrek word, is die betaling in die plaaslike geldeenheid. Die belegger trek voordeel uit die buitelandse belegging, maar is steeds aan politieke risiko in Suid-Afrika blootgestel. ■ Belegging in 'n internasionale effektetrust wat internasionaal geregistreer is, is waarskynlik 'n beter opsie. Beleggings is direk

in 'n internasionale fonds en die geldeenheid waarin beleggings gedoen word (bv. pond of dollar). Baie Suid-Afrikaners verkies internasionale fondse wat in rand belê weens 'n indruk dat dit moeilik is om toestemming by die SA Reserwebank te kry. Maar daar is 'n bestaande reël dat beleggers jaarliks tot R1 miljoen in 'n internasionale fonds kan belê sonder om vooraf toestemming te kry en dit skakel baie van die papierwerk uit. Bykomend tot die jaarlikse diskresionêre toewysing van tot R1 miljoen, kan beleggers ook tot R10 miljoen per kalenderjaar (dus altesame R11 miljoen) in die buiteland belê. Om dit te benut, word klaring van die SAID en die Reserwebank vereis. Die risiko's vir beleggings in Suid-Afrika soos politieke spanning, swak ekonomiese groei en beleidsonsekerheid is algemeen bekend. Beleggers wat ouer as 55 is, moet hul beleggings in aftreenuiteite en/of bewaringsfondse wat blootgestel is aan Regulasie 28 mooi oorweeg. Ná dié ouderdom is hulle geregtig daarop om hul geld in aftreeprodukte te onttrek. Die prestasie van die plaaslike mark teenoor internasionale markte die afgelope drie tot vyf jaar vertoon nie goed nie en hou nie eens oor alle tydperke tred met inflasie nie. Dit is 'n groot bedreiging vir hul uiteindelijke kapitaal vir aftrede en hul toekomstige lewenspeil. ■ **Suzean Haumann is 'n Gesertifiseerde Finansiële Beplanner® van Brenthurst Wealth.**